**Dinsdag 8 Augustus**
**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:23 – 11:1**
**Fokusgedeelte: Korintiërs 10:31 (AFR83)**
**Ons moet alles tot eer van die Here doen – ook wanneer ons eet en drink**

Die gelowiges van die gemeente van Korinte het in ’n heidense omgewing geleef. Op verskillende maniere het hulle in aanraking gekom met vleis wat in die afgodstempels geslag en aan afgode geoffer is. Dit kon vleis by ’n heidense gasheer se huis aan tafel wees of gewoon vleis wat in ’n slaghuis gekoop is.

Die vraag in die gemeente was: Mag ’n gelowige daarvan eet of nie? Daaroor was daar nie eenstemmigheid nie. Die voorstanders van die eet van sulke vleis het geredeneer dat die Here alles gemaak het en dat alles aan Hom behoort. Mens kan dus van die vleis eet. Die teenstanders van die eet van sulke vleis, waaronder Paulus, het gesê hulle eet eerder ter wille van die mense wat swakker in die geloof is, nie van die vleis nie. Dit is vir die swakkeres in die geloof ’n probleem om sulke vleis te eet, en daarom moet die ander liewer ook nie daarvan eet nie.

En dan trek Paulus die saak deur na die beginsel: “... wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.” Die eer van God moet deurslaggewend wees in alle sake – selfs in die vanselfsprekende dinge soos ons eet-en drinkgewoontes. Hulle maag kan hulle god wees (Fil. 3:19) deur te veel te eet en te drink, selfs ook deur te min te eet en te drink. Dit kan lei tot eetversteurings en afhanklikheidsprobleme.

Paulus het egter nie net gepraat nie. Hy sê: “Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg” (11:1). Christus het nie sy eie belang gesoek nie. Hy was bereid om dit prys te gee, sodat die sondaar gered kon word. En daardeur het Hy God verheerlik. Paulus het Christus se voorbeeld nagevolg deur nie sy eie belang te soek nie. Daarmee die oproep: Ons eet-en drinkgewoontes moet tot eer van God wees!

*Sing: Psalm 146-1:5*
*Ds. AL Pelser (Abri) (Bethlehem)*